# DEK 'N PLEK



## Met hierdie mooi tafelmatjies word tafeldek 'n plesier

**BENODIGDHEDE:** *2 bolle Coats Tridalia Nr. 5 (50-g-bolle); hekelpen van 2,50 mm. Voldoende vir 2 tafelmatte.*

**MATE:** *Ongeveer 25 x 36 cm.*

**SPANNING:** *12 kb is 5 cm breed.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; dsl - dubbelslagsteek; sp(s) - spasie(spasies); lb - langbeen; driesl - drieslagsteek; st(e) - steek(steke); vlg - volgende; herh - herhaal.*

**AANWYSINGS: Beginry:** Hekel 68 ks.

**1e ry:** Slaan 5 ks oor, 1 kb in vlg ks, * 5 ks, slaan 5 ks oor, 1 kb in vlg ks, herh van * tot laaste 2 ks, 2 ks, slaan 1 ks oor, 1 lb in vlg ks.

**2e ry:** 9 ks, 2 dsl in 4e ks van hierdie ks, 3 dsl in lb, * 1 ks, slaan 5 ste oor, 3 dsl in vlg ks, (4 ks, 2 dsl in 4e van die ks) 2 keer, 3 dsl in dieselfde ks as laaste 3 dsl, herh van * tot laaste sp, 1 ks, 3 dsl in 3e ks van laaste sp, 4 ks, 2 dsl in 4e van dié ks, 1 driesl in dieselfde ks as laaste 3 dsl.

**3e ry:** 1 ks, 1 kb in driesl, * 5 ks, 1 kb in middel van vlg ring, herh van * tot einde, hekel laaste kb in draai-ks.

**4e ry:** 1 ks, 1 kb in eerste kb, 1 ks, * 1 kb in 5-ks-sp, 5 ks, herh van * tot laaste 5-ks-sp, 1 kb in 5-ks-sp, 1 ks, 1 kb in laaste kb.

**5e ry:** 1 ks, 1 kb in elke st tot einde. Hekel 9 rye kb.

**15e ry:** 5 ks, slaan 2 kb oor, 1 kb in vlg kb, * 5 ks, slaan 5 kb oor, 1 kb in vlg kb, herh van * tot laaste 2 kb, 2 ks, slaan 1 kb oor, 1 lb in laaste kb.

Herh die 2e tot en met 15e ry tot werk ongeveer 36 cm lank is, eindig met 'n 4e ry. Heg af.

**AFWERKING:** Pars liggies met klam lap en warm yster. Hekel 1 ry kb rondom alle rande, daarna een ry krap-st, d.w.s. kortbeen van links na regs.